

Hoofstuk van die dag: 2 Samuel 12

> *Toe sê Dawid vir Natan: “Ek het gesondig teen die Here.” (vers 13)*

Uit Dawid se emosionele reaksie op die profeet Natan se verhaaltjie (vers 5-6) kan ’n mens agterkom dat sy gewete hom

gepla het. En toe Natan vir hom sê: “Jy is die man!” probeer hy hom op geen manier verontskuldig nie. Hy het geweet Natan is reg.
’n Mens kan dalk vra hoekom Dawid se straf so erg was. Hy hét mos met egte berou bely dat hy gesondig het (vers 13; lees ook Ps 51). Hoekom vergewe God nie en klaar nie? Dis tog wat Ps 103:8-13 sê?
Natuurlik vergewe God ons as ons in berou na Hom gaan (1 Joh 1:9). Maar dit vee nie noodwendig die gevolge van ons sonde uit nie. Sonde laat sy letsels op jouself én jou mense. In Dawid se geval het sy seuns sy swak voorbeeld met oorgawe gevolg, soos ons in die volgende hoofstukke sal sien.
God kan natuurlik ’n situasie omkeer as ons met egte berou na Hom toe gaan (Jona 3:10). Dis waarop Dawid gehoop het met sy gebed en vas (vers 16). Uiteindelik is dit egter God wat besluit. En selfs dan bly Hy die genadige God van tweede kanse (vers 24).



- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant

Hoofstuk van die dag: 2 Samuel 11

> *Van die dak af het hy ’n vrou sien bad. Sy was ’n baie mooi vrou. (vers 2)*

Daar is verskil van mening oor Batseba se aandeel in die hele tragedie. Party sê sy was die onskuldige slagoffer van Dawid; dat hy haar verkrag het. Ander sê weer dat dit lyk of Batseba Dawid doelbewus uitgelok sodat sy koningin kon word. Ons sal nooit weet nie. Wat ons wel weet, is dat Dawid nie bestand was teen die versoeking nie.
Dawid kon nie help om Batseba te sien nie. Boonop was sy baie mooi. Tot hiertoe was Dawid onskuldig. Wat hy moes gedoen het, is om by sy paleis in te gaan en ’n beker koue water te gaan drink, of ’n ent te gaan draf, of wat ook al sou gehelp het om die beeld van Batseba se naakte skoonheid uit sy gedagtes te kry. Maar hy doen dit nie. Hy doen navraag en laat haar paleis toe bring. Daarna het dinge erg handuit geruk. Batseba word swanger, Urija weier om saam te speel, en Dawid pleeg moord.
Martin Luther het gesê jy kan nie verhoed dat ’n voël oor jou kop vlieg nie, maar jy kan keer dat hy in jou hare nesmaak. Jak 1:14-15 onderstreep dit.

Hoofstuk van die dag: 2 Samuel 10

> *Toe Dawid dit verneem, het hy Joab met die hele leër gestuur, almal dapper manne. (vers 7)*

Dié oorlog is heel waarskynlik ’n ander weergawe van wat in 2

Sam 8:3-8 staan.
Die afjak wat Ganun vir Dawid se gesante gegee het, kon nie maar net geïgnoreer word nie. Dawid móés reageer, soos Ganun ook geweet het hy sou (vers 6). Dawid stuur eers sy persoonlike lyfwag om met die Ammoniete af te reken (vers 7), en toe die Aramese state daarna saamspan, roep hy die burgermag ook op (vers 17) en lei self die aanval en verslaan die Aramese bondgenootskap oorweldigend.
Dikwels is ’n mens genoodsaak om te reageer wanneer jy uitgedaag of beledig word, soos Dawid hier. Sy koningskap en Israel se onafhanklikheid is immers bedreig. Ander kere is dit egter beter om nie te reageer nie en die ander wang te draai, soos Jesus ons geleer het (Matt 5:39). Of jy moet dit uitpraat. Die vraag is of dit vir jou belangrik genoeg is dat jy op ’n belediging moet reageer. Dikwels is dit die beste om eenvoudig die belediging te ignoreer. Dit is wat Jesus gedoen het (1 Pet 2:23). En ons wil tog soos Hy wees, nie waar nie?



Hoofstuk van die dag: 2 Samuel 9

> *Op ’n dag het Dawid gevra: “Het daar nie miskien iemand uit Saul se familie oorgebly nie? Ek sou hom graag onder my sorg wil neem ter wille van Jonatan.” (vers 1)*

Dit was destyds die gebruik dat ’n nuwe koning die hele familie van die vorige koning uitwis om seker te maak dat daar nie ’n aanspraakmaker op die troon uit die ou koningshuis sou opstaan nie. Jehu se optrede is hiervan ’n aaklige voorbeeld (2 Kon 10:1-18). Dawid was anders. Hy wou nie die huis van Saul uitroei nie. Hy het immers aan Saul (1 Sam 24:21-23) en aan Jonatan (1 Sam 20:14-17) belowe dat hy na hulle mense sal omsien.

Hier kom Dawid nou sy belofte na, en dit nogal teenoor die kreupel Mefiboset, al het hy kreupeles gehaat (2 Sam 5:8). Hy sien nie net toe dat sy vriend Jonatan se seun goed versorg is nie; hy sorg selfs vir sy nageslag.

Ons leef in ’n tyd waarin beloftes maklik verbreek word en woorde goedkoop geword het. Dis nie hoe gelowiges leef nie. Beloftes maak skuld, selfs al is die persoon of persone teenoor wie jy die beloftes gemaak het, nie by om jou daaraan te herinner nie.



Hoofstuk van die dag: 2 Samuel 8

> *Dawid was koning oor die hele Israel en hy het sy hele volk met reg en billikheid geregeer. (vers 15)*

Hoofstuk 8 dien as stawing van die Here se belofte in 2 Sam

7:11 dat Hy vir Dawid rus sal gee van sy vyande en vir hom ’n koningshuis sal vestig. Daarom begin die hoofstuk met die woord “Hierna”. Van meet af aan was daar ’n baie groot verskil in die regeringstyl van Dawid en sy voorganger Saul. Saul het nooit werklik mag gehad nie en ’n relatief klein administrasie. Maar die uitbreiding van Dawid se ryk oor die buurvolke het ’n stewige administrasie geverg. Dawid was ’n koning om mee rekening te hou.
Dit was natuurlik nie sy krygsvernuf en politieke vermoëns wat dit moontlik gemaak het nie. Die skrywer is gou om ons te herinner dat die Here aan Dawid die oorwinning gegee het (vers 14). Daar is mense wat daarom sê God het in die Ou Testament baie bloed laat vloei. Ons moet dit in die konteks van destyds lees, waar ’n menselewe min werd was. Lees jy egter 1 Kron 22:8, hoor jy God se hart oor die saak. Hy weier dat Dawid ’n tempel vir Hom bou omdat hy bloed in strome laat vloei het.



- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep

Hoofstuk van die dag: 2 Samuel 7

> *Gaan sê vir my dienaar Dawid: So sê die Here: Wil jy vir My ’n huis bou om in te woon? (vers 5)*

Op die oog af lyk dit na ’n edel plan van Dawid om vir God ’n tempel te bou. Al die omringende volke het immers tempels vir hulle gode gehad. En Dawid woon in ‘n splinternuwe paleis. Dis niks minder nie as reg dat hy vir die Here ook ‘n huis bou. So redeneer hy. En die profeet Natan stem saam (vers 3).
Daar is egter ’n verskil tussen wat godsdienstige mense vir die Here wil doen en wat die Here wil hê. Daarom is dit noodsaaklik om God se leiding in alles te soek, soos Dawid hier gedoen het (vers 2). Jakobus waarsku ook teen beplanning wat nie met God se plan rekening hou nie (Jak 4:13-16).
Dit was ’n vergissing van Dawid om te dink hy moet vir God ’n tempel bou. God woon nie in ’n huis of ’n tempel of ’n kerk nie. Hy woon waar sy mense is; waar die lofsange van sy volk weerklink (Ps 22:4). ’n Kerk is vir ons van groot waarde, maar God het nie een nodig nie. Dit bevestig Jesus later aan die Samaritaanse vrou (Joh 4:21-24).

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026